

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Collett (199/90) [1991] ZASCA 33; 1991 (2) SA 854 (AD); [1991] 4 All SA 524 (AD) (26 March 1991) [1991] ZASCA 33

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Corbett, Hoexter, Vivier, Eksteen, Nienaber

CASE / FILE NUMBER

199/90

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saak nr 199/90 /MC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÈLAFDELING)

In die saak tussen ETHEL ANNE COLLETT Appellant- en -DIE STAAT Respondent

CORAM: CORBETT HR et HOEXTER, VIVIER,

EKSTEEN, NIENABER ARR.

VERHOOR: 7 Maart 1991. GELEWER: 26 Maart 1991.

UITSPRAAK

VIVIER AR.

2/...

VIVIER AR:

Die appellant en 'n medebeskuldigde ("beskuldigde 1") is in die Landdroshof in Johannesburg aangekla van 'n oortreding van art 2(a), alternatiewelik art 2(b), van die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums 41 van 1971 ("die Wet"). Die appellant is skuldig bevind op die alternatiewe aanklag (besit van dagga) en gevonnissen tot 'n boete van R1 000 of ses maande gevangenisstraf wat in die geheel vir 'n tydperk van vyf jaar op die gebruikelike voorwaardes opgeskort is. Beskuldigde 1 is op beide aanklagte onskuldig bevind. Die appellant se appèl na die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling het nie geslaag nie. Verlof om teen die skuldigbevinding te appelleer is deur die Hof a quo

3/...

3.

geweier, maar is daarna aan die appellant toegestaan na 'n versoekskrif aan die Hoofregter. Die feite van die saak is ongewoon. Die appellant het om ongeveer halftwaalf op 'n Saterdagoggend afgekom op 'n plastieksak vol dagga onder in 'n klerekas in 'n huis wat aan haar behoort en waarin sy en haar vriend, beskuldigde 1, saamgewoon het. Sy het die sak oopgemaak en gesien dat dit dagga bevat. Die appellant se weergawe was dat sy tot op daardie stadium onbewus was van die dagga en dat sy nie geweet het aan wie dit behoort nie, maar dat sy vermoed het dat dit aan van die bouers behoort wat toe besig was met restourasiewerk aan die huis, onder andere ook aan die klerekas waarin die dagga gevind is. Die bouers het vrye toegang tot die huis gehad en van hulle toerusting en boumateriaal het oral in die huis

4/...

4.

rondgelê. Die appellant het getuig dat sy vir

beskuldigde 1 om ongeveer drie-uur daardie middag by die huis terug verwag het, en omdat hy die bouers indiens geneem het, het sy besluit om die dagga aan hom te gee wanneer hy tuis kom sodat hy kon vasstel aan wien die dagga behoort en die nodige stappe kon neem om daarvan ontslae te raak. Sy het gevolglik die sak met dagga tussen hulle klere in die hangkas versteek omdat

sy bang was dat iemand die sak sou sien waar dit oop

en bloot onder in die klerekas gelê het. Haar

getuigenis was dat sy vir geen oomblik gedink het dat

dit verkeerd is om die dagga te bêre en dit later aan

beskuldigde 1 te oorhandig nie. Beskuldigde 1 het

nie voor halftwee die nag by die huis gekom nie en was

te sterk onder die invloed van drank. Die volgende

dag (Sondag) het hy halfeen die middag opgestaan en

5/...

5.

dadelik weer begin drink. Hy was die res van die dag onder die invloed van drank. Daardie aand het hy begin om glase en ander breekware in die kombuis stukkend te gooi totdat sy die polisie ontbied het. Toe die polisie daar kom was beskuldigde 1, soos konstabel Visser dit gestel het, hewig onder die invloed van drank. Terwyl Visser besig was om met beskuldigde 1 buite op die stoep te praat, het die appellant 'n ander polisieman na die slaapkamer geneem en die sak met dagga aan hom oorhandig met die woorde dat dit beskuldigde 1 se dagga is. Haar verduideliking vir hierdie optrede was dat sy wou gehad het dat die polisie beskuldigde 1 moes arresteren omdat

sy vir hom bang was. Beskuldigde 1 is hierna- gearresteer en na die aanklagkantoor geneem waar hy aangehou is. Later die aand het die polisie teruggekeer en die appellant

6/...

6.

versoek om 'n verklaring te maak waarin sy bevestig dat dit beskuldigde 1 se dagga was. Sy het geweier om enige verklaring hoegenaamd te maak en het toe die houding ingeneem dat sy nie weet wie se dagga dit is nie. Die polisie het haar gevolglik arresteer en aangekla. Die Landdros het die appellant se weergawe as redelik moontlik waar aanvaar. Die vraag of sy art 2(b) van die Wet oortree het, moet gevolglik beantwoord word op die basis dat sy nie vooraf van die dagga bewus was nie, dat sy die dagga gehou het met die opset om dit by die eerste die beste geleentheid aan beskuldigde 1 as die verantwoordelike persoon te oorhandig en dat sy in geen stadium gedink het dat dit verkeerd is om die dagga met die oog daarop te hou nie. Na my mening dui die enkele feit dat die

7/...

7.

appellant die dagga aan die polisie oorhandig het, juis daarop dat sy nie gedink het dat haar voorafgaande optrede verkeerd was nie. Mnr Vermeulen, namens die appellant, het betoog dat selfs in die veronderstelling dat die appellant se "besit" van die dagga binne die verbodsbepaling in art 2(b) van die Wet val, sy nogtans nie wederregtelik gehandel het nie. Met 'n beroep op Snyman, Strafred, 2de uitgawe op bl 97 ev, het hy betoog dat die tydelike "besit" van 'n artikel in stryd met 'n verbodsbepaling nie wederregtelik is indien die artikel "besit" word met die uitsluitlike doel om dit aan 'n verantwoordelike persoon of die polisie te oorhandig nie, omdat sodanige "besit" dan nie teen die regsopvatting van die gemeenskap sou indruis nie. Snyman, in die gedeelte waarna verwys word, beskou 'n

8/...

8. handeling as wederregtelik as dit in stryd is met die regsopvattinge van die gemeenskap. Die algemeen aanvaarde opvatting van ons reg is dat 'n doen of late wat strydig is met 'n strafnorm, prima facie wederregtelik is, maar dat wederregtelikheid uitgesluit kan word as gevolg van besondere omstandighede wat 'n regverdigingsgrond daarstel en wat gevolglik die doen of late veroorloof. (De Wet en Swanepoel, Strafred, 4de uitgawe op 69; Burchell en Hunt, Criminal Law and Procedure, Vol 1, 2de uitgawe op 330; LAWSA Vol 6 para 37). Volgens Snyman, egter, is 'n doen of late, selfs al is dit strydig met 'n regsnorm, en selfs in die afwesigheid van 'n bekende regverdigingsgrond, steeds nie wederregtelik nie, solank die regsopvattinge van die gemeenskap dit nie afkeur nie. Sien die kritiek van Prof Burchell op hierdie beskouing in 1982 SALJ 466

9/...

9.

op 468-469. Volgens die aanvaarde wederregtelikheids= begrip in ons reg is daar in die volgende drie sake beslis dat 'n verbode besitshandeling met die uitsluitlike doel om die betrokke artikel aan die polisie te oorhandig, steeds wederregtelik was. Sien R v Snyman 1959(1) SA 800(T) op 802 A-B; S v Nondyala 1971(1) SA 18 (OKA) op 19 E-G en S v Brick 1973(2) SA 571(A) op 580 G - 581 B. Daarteenoor is S v Nqobo 1965(2) SA 728 (N) op 733 D-E en S v R 1971(3) SA 798(T) op 804 C-D beslis op die basis dat die verbode besitshandelinge nie bewys is nie. In S v Potwane 1983(1) SA 868(A) op 870 F-G is die vrae of die Staat die verbode besitshandeling en die wederregtelikheid daarvan bewys het, oopgelaat (op bl 870 F-G) en is die appellant se skuldigbevinding tersyde gestel omdat hy nie die vereiste wederregtelikheidsbewussyn gehad het nie.

10/...

10.

In die Brick-saak is die appellant aan besit van pornografiese materiaal in stryd met art 2(1) van Wet 37 van 1967 skuldig bevind, nadat hy die verbode materiaal deur die pos ontvang en 24 uur later nog nie daarvan ontslae geraak het nie. Die meerderheid van hierdie Hof het aanvaar dat sy bedoeling was om die verbode materiaal òf aan die polisie te oorhandig òf te vernietig. Die appellant se skuldigbevinding is nogtans deur die meerderheid bekragtig op die basis dat by 'n behoorlike uitleg van die verbodsbepaling, die tydelike besit van die verbode materiaal met die bedoeling om dit aan die polisie te oorhandig, nie aanspreeklikheid uitsluit nie,

- maar hoogstens as 'n strafversagende omstandigheid kan dien (op 581 A). In die meerderheidsuitspraak wys OGILVIE THOMPSON HR op 580 D-E daarop dat hierdie uitleg van die verbods=

11/...

11.

bepaling moontlik gevalle kan tref "which, from a moral point of view, merit neither prosecution nor punishment . ..". Ook in die minderheidsuitspraak van JANSSEN AR word dit beklemtoon (op 581 G-582 B) dat die meerderheid se wye uitleg van die betrokke verbodsbepaling tot onbillike gevolge kan lei sodat die besitter van ongevraagde pornografiese materiaal, nadat hy van die aard daarvan bewus geword het, feitlik niks daarmee kan doen sonder om die verbodsbepaling te oortree nie. In sy kommentaar op hierdie uitspraak skryf A J Middleton in 1974 THRHR 183 op 186 dat die appellant hom op die regverdigingsgrond van noodtoestand sou kon beroep het. Omdat hy egter so lank versuim het om van die verbode materiaal ontslae te raak, was sy optrede vir doeleindes van die verweer van noodtoestand nie redelik nie en sou hy hom derhalwe

12/...

12.

nie met sukses op die verweer kon beroep het nie. Hy wys daarop dat die essensie van noodtoestand daarin bestaan dat 'n beskuldigde een regsnorm skend om 'n ander, meer belangrike regsnorm, wat in die omstandighede bedreig word, te beskerm. Deur daadwerklike

en in die omstandighede redelike beheer oor die verbode materiaal uit te oefen en met die oog daarop om dit so gou moontlik te vernietig of aan die polisie te oorhandig, verhoed die beskuldigde 'n groter dreigende maatskaplike euwel, naamlik die gebruik of verdere verspreiding van die betrokke stof vir ongeoorloofde doeleindes.

In die huidige saak sou die appellant haar, na my mening, ook denkbaar op die regverdigingsgrond van noodtoestand kon beroep het indien sy nie so lank getalm het nie maar die dagga dadelik vernietig of aan

13/...13.

die polisie oorhandig het. Dit, meen ek, is ook wat die gemeenskap van haar sou verwag het. Daar is egter geen aanduiding in haar getuienis dat sy enige van hierdie stappe oorweeg het nie. Selfs indien die wederregtelikheid al dan nie van die appellant se besitshandeling dus bepaal moes word aan die hand van die gemeenskapsoortuiging, soos deur mnr Vermeulen betoog, sou ek steeds geneig gewees het om haar optrede as wederregtelik te bestempel. Weens redes wat volg, vind ek dit egter nie nodig om te beslis of die appellant se besitshandeling wederregtelik was of nie. Gevolglik is dit ook nie nodig om uitsluitel te gee oor die breë wederregtelikheidsbegrip waarvoor mnr Vermeulen betoog het nie. Die feite van hierdie saak bied, na my mening, geen regverdiging vir die standpunt dat die aanwending van die maatstaf van die

14/...

14.

regsoortuiging van die gemeenskap nodig is om alle gevalle wat uit 'n morele oogpunt nie vervolgings- of strafwaardig is, van aanspreeklikheid te onthef nie. Selfs indien aanvaar word dat die appellant die dagga "besit" het binne die verbodsbepaling en dat daardie besit wederregtelik was, is ek van oordeel dat dit in die huidige saak, soos in Potwane se saak, wel by die appellant ontbreek het aan 'n ander vereiste vir aanspreeklikheid naamlik wederregtelikheidsbewussyn. Dat skuld 'n vereiste is vir 'n oortreding van art 2 (b) van die Wet, is duidelik (*S v Ngwenya* 1979(2) SA 96 (A) op 100 A-C). Mnr Van Staden, namens die Staat, het verder toegegee dat dolus alleen as skuldvereiste deur die Staat bewys moet word. Gevolglik moet die Staat ook bewys dat die appellant se besitshandeling met die nodige wederregtelikheidsbewussyn gepaard

15/...

15.

gegaan het. (*S v De Blom* 1977(3) SA 513(A) op 532 E-H, *S v Potwane*, supra, op 871 A-D en *S v Hlomza* 1987(1) SA 25(A) op 32 F). Die Landdros het aanvaardat die appellant nie geweet het dat haar besitshandeling, dws beide die besitneming van die dagga met die doel om dit aan beskuldigde 1 te oorhandig en haar besit daarvan totdat dit aldus oorhandig kon word, wederregtelik was nie. Die feit dat sy geweet het dat die besit van dagga in die algemeen verbode is, is in hierdie verband nie ter sake nie. Die vraag is of sy gedink het dat sy die dagga besit binne die verbodsbepaling. Die Landdros het aanvaar dat sy nie so gedink het nie. Die appellant het

derhalwe nie met die vereiste dolus gehandel nie.

Die appel slaag gevolglik. Die skuldigbe= vinding en vonnis word tersyde gestel.

W. VIVIER AR.

CORBETT HR)HOEXTER AR) EKSTEEN AR) Stem saam.NIENABER AR)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1991/33.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-collett-unknown-topic-asca-1991>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria